Maar daar is niks daar nie, net sy ouers se skoene teen die muur, en Puppy se waterbak op n klein matjie. Onke kruip op die mat in die gang af, verby sy ouers se slaapkamer, en loer by die kombuis in.

Dis n spook! skree hy, en skyn sy its op n swart skaduwee wat langs die stoof staan. Die spook dra blou pajamas met skapies op.

Dis mos Ouma se pajamas, s Onke.
Waarom het jy Ouma se pajamas gesteel, Spook?
Onke skyn met sy its in die spook se gesig. Dis Ouma!

Onke, s Ouma, haar mond wawyd oop van skok. Jy het my nou baie groot laat skrik. Ek het gedink jy s n spook.

Ek het gedink Ouma is n spook, s Onke en giggel.
Wat doen Ouma so laat in die aand in die kombuis?

Ek kon nie slaap nie, s Ouma, toe kom ek kombuis toe vir n beker warm melk en koekies. Wil jy n middernaghappie saam met my geniet? Onke glimlag en knik sy kop.

Hy en Ouma gaan sit by die kombuistafel en gesels saggies terwyl hulle heerlike, bros botterkoekies in bekers warm melk doop. Toe maak hulle n geroosterde toebroodjie wat hulle deel, met ham, kaas, tamatie en vars groen blaarslaai.

Toe hulle klaar geëet en gedrink het, borsel hulle vir die tweede keer daardie aand hul tande. Toe sê Onke vir Ouma goeienag en gaan terug na sy kamer toe. Toe hy die deur oopmaak, spring Puppy op en blaf.

“Puppy,” sê Onke, en vryf oor haar kop, “dis net ek. Het jy gedink ek is ’n spook?”

Puppy lek sy gesig en rol om op haar rooi kombers.

“Ek het vanaand ’n raaisel opgelos. Het jy dit geweet, Puppy?” vra Onke.

Maar Puppy het reeds opgekrul en haar oë toegemaak.

“Dit lyk na ’n goeie idee,” sê Onke. “Lekker slaap, Puppy.”

WEES KREATIEF!

Onke se hond, Puppy, droom. Moedig jou kinders aan om ’n prent te teken van Puppy wat vas slaap en vra hulle dan om ’n denkborrel met ’n prent daarin te teken om te wys waarvan Puppy droom.

Nal'ibali-pret

'n Spook in Ouma se pajamas

Storie deur Kai Tuomi • Illustrasies deur Magriet Brink en Leo Daly

Visueel

Onke se hond, Puppy, droom. Teken 'n prent van Puppy wat vas aan die slaap is en voeg dan 'n denkborrel by met 'n prent daarin om te wys waarvan Puppy droom.

Lees

Wees 'n storiespeurder! Vind woorde in die storie wat vir jou vertel dat:

- Onke reeds sy tande geborsel het voor hy aan die begin van die storie gaan slaap het
- Onke gedink het dat hy nie so bang sou wees as hy geweet het wat die geraas maak wat hom wakker gemaak het nie
- hy bang was toe hy in die donker gang afgekyk het
- hy gedink het dat die spook Ouma se pajamas dra
- Puppy die hele tyd toe Onke in die kombuis was, vas aan die slaap was op Onke se bed.

Skryf

Skryf jou eie bangmaakstorie oor iets wat in die aand gebeur.



Handwerk

Wat wil jy graag as 'n middernaghappie hê? Gebruik speeldeeg of klei om 'n lekker middernaghappie vir jou te maak.

Speel toneel

Aan hoeveel verskillende maniere kan jy dink om 'n bangmaakspook te wees? Trek soos spoke aan en maak beurte om mekaar bang te maak. Hoe dink jy behandel spoke mekaar? Voer dit op.